Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 16. Kaapstad, 3 Oktober 1951. Prys 3d. Nr. 42.

# NASIONALE PARTY OOR SY INKOMSTE-BRONNE

**Na aanleiding van adv. J. G. N. Strauss, leier van die Verenigde Party, se beskuldiging dat die Nasionale Party drie trustfondse het en dat die partyleier uit een van hulle £2,000 per jaar ontvang „op voorwaarde dat die Nasionale Party met geen ander party amalgameer nie," het die Nasionale Party-leiding 'n verklaring uitgereik oor die party se inkomstebronne. Adv. Strauss se beskuldiging is eintlik sy verdediging teen die Nasionale Party se sogenaamde „aanvalle" op die United South Africa Trust Fund wat verdink word daarvan dat hy 'n vername bron is van die Verenigde Party se inkomste.**

**Die Nasionale Party verklaar dat hy jaarliks uit die Jan Marais-fonds en uit die boedel van wyle F. W. Beyers £1,150 ontvang en dat die partyleiers jaarliks £450 ontvang uit die boedel van wyle F. W. Beyers.** Die verklaring lui:

### JANNIE MARAIS

„Twee Nasionaliste wat jare gelede oorlede is, t.w. oud-minister F. W. Beyers en mnr. Jannie Marais, het in hul testamente sekere bepalinge gemaak waaruit die Nasionale Party van Kaapland jaarliks ongeveer £1,100 (elfhonderd pond) baat.

„Vir die bydrae van £700 uit wyle mnr. Jannie Marais se boedel moet jaarliks deur die Party aansoek gedoen word en daar is geen voorwaardes aan die bemaking verbonde nie.

### F. W. BEYERS

„Uit die boedel van wyle oud-minister Beyers kry die Kaaplandse Nasionale Party as selfstandige Party £450 (vierhonderd-en-vyftig pond) per jaar solank die woord ‚Nasionaal' in die Party se naam behoue bly en die Party nie sy program van beginsels substansieel verander nie.

„Wyle oud-minister Beyers het in 'n verdere bepaling ongeveer £450 per jaar aan dr. Malan bemaak, en nie op die voorwaarde soos deur adv. Strauss beweer nie."

Die verklaring noem nie die voorwaardes wat verbonde is aan die Beyers-bemaking nie.

### UITDAGING AAN V.P.

Voortgaande bevat die verklaring die volgende uitdaging aan die Verenigde Party:

„Die Nasionale Party vra op sy beurt aan die Verenigde Party en sy leier, adv. Strauss, die volgende:

(1) Uit watter bronne, anders dan V.P.-takke, ontvang hulle fondse?

(2) Het die Verenigde Party reeds finansiële steun van die United South Africa Trust Fund ontvang, en hoe groot is die bedrag?

(3) Watter voorwaardes is aan die bydraes verbonde?"

**Dit wil voorkom dat die Nasionale Party sy kaarte op die tafel gelê het met betrekking tot sy inkomste uit fondse en bemakings. Derhalwe is die versoek dat die Verenigde Party dieselfde moet doen heeltemal billik.**

# AFRIKANER MOET NIE OP KONFERENSIE-PAD NA LONDEN LOOP NIE

**Verlede week is daar weer 'n konferensie gehou van verteenwoordigers van die koninkryke en kolonies in die Britse statebond en ryk. Hierdie keer het dit gegaan oor grondstowwe en produksie. Derhalwe het mnr. Richard Stokes, Britse minister van grondstowwe, as voorsitter opgetree. Natuurlik was Suid-Afrika ook verteenwoordig en wel deur mnr. Eric Louw, Minister van Ekonomiese Sake. Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat 'n Britse statebonds- en rykskonferensie van hierdie aard gehou is. Wat was die doel van die konferensie?**

Mnr. Stokes het dit vooraf baie mooi gestel: Die hoofdoel van die konferensie is om gedagtes te wissel oor die probleme om grondstowwe in die hande te kry en om dit te verruil vir fabrieksware — binnekant die Britse Statebond.

### TWEE REDES

Nadat die konferensie plaasgevind het is 'n verklaring uitgereik wat lui dat die konferensie die probleme van die Statebond bespreek het wat vloei uit produksie en uitruiling van grondstowwe en fabrieksware. Reëlings is getref om die aflewering van Britse uitvoerartikels na die Statebondslande te vergemaklik.

**Ontdoen van die tipiese Britse raaiselagtigheid beteken al die verduidelikings net dat die konferensie belê is vir twee redes. Eerstens, om te bepaal watter grondstowwe die Statebondskoninkryke en kolonies na Brittanje moet uitvoer en watter in hul eie fabrieke verwerk moet word. En tweedens, om die lewensbelangrike Britse uitvoerhandel deur Statebondsof ryksvoorkeur te bevorder.**

### ELKEEN SE BYDRAE

Daar is derhalwe ook aangekondig dat die konferensie besluit het dat Suid-Afrika 'n fosfaat-industrie sal oprig, petrol uit steenkool sal vervaardig, en die produksie van insekgifte sal vermeerder. Kanada moet sy yster- en kopernywerhede uitbrei en meer koper na Brittanje stuur; Australië moet sy produksie van koper, lood, sink, staal en aluminium vermeerder; Nu-Seeland moet sorg vir houtpap en koerantpapier; Indië vir yster en staal; Pakistan vir swawel en katoen; en die kolonies moet rubber, koper, ens. na Brittanje uitvoer.

**Dit blyk dat die doel van die konferensie was om die Britse Statebond en ryk — wat maar een ding is — tot 'n werkende ekonomiese eenheid uit te bou. En volgens persberigte was die konferensie suksesvol.**

### LEWENDE ORGANISME

**Die doel van die moderne Britse imperialisme is om die koninkryk van die Statebond en die kroonkolonies tot 'n lewende organisme saam te smee, waarin elke koninkryk en kolonie so afhanklik van die res is dat hy noodgedwonge sal moet veg vir die behoud van die geheel. Deur die ineenstrengeling van die koninkryke en kolonies se verskillende lewensterreine word die inwendige eenheid van die Britse Statebond en ryk verseker selfs al word die uitwendige bande losser gemaak.**

Dit is die prosedure wat deur die moderne Britse imperialiste gevolg word; en dit is hierteen wat die Ossewabrandwag so ernstig waarsku. **As die Afrikanervolk nie wakker loop nie gaan hy 'n handlanger en daarna 'n slagoffer van hierdie nuwe Britse imperialisme word.**

### PROSES VAN INTEGRASIE

Die proses van Britse integrasie het begin met die sogenaamde Premierskonferensies. Hierdie konferensies van Brittanje en sy suster-koninkryke se eerste ministers het die gevaar ingehou dat dit kan ontwikkel tot 'n soort federale parlement van die Britse Statebond.

**Na die tweede wêreldoorlog het hierdie gevaar baie aktueel geword. Daar word, naamlik, nie langer slegs Premierskonferensies gehou nie, wat die politieke bande beklemtoon nie, maar daar word ook ministerskonferensies gehou oor besondere aangeleenthede, waardeur die Statebondskoninkryke stewig aan mekaar gekoppel word.**

So is daar reeds 'n ministerskonferensie oor militêre sake gehou, waarop die Britse Statebond tot 'n militêre eenheid verhef is. Daar is 'n ministerskonferensie oor vervoer gehou, wat die militêre integrasie van die Statebond aangeval en versterwig het. Nou is daar weer 'n ministerskonferensie oor ekonomiese sake gehou, waardeur die ekonomiese integrasie van die Statebond bevorder is.

### MODERNE IMPERIALISME

Op hierdie manier probeer die moderne Britse imperialiste die Statebond en die ryk saam te smee tot 'n lewende organisme. **Hulle trag om die koninkryke en die kolonies tot 'n onskeidbare eenheid saam te bind deur politieke, militêre, ekonomiese en ander bande wat op die Statebondskonferensies gesmee word.**

**Die Londense konferensie-pad lei nie na die behoud van die Afrikanervolk se identiteit nie en ook nie na die verkryging van sy selfstandigheid buitekant die Britse Statebond nie. Dit lei na die samegroeiing met ander Statebondsvolke tot 'n Britse organisme.**

# Konferensie Het Witman Se Leierskap Verwerp

**Die konferensie oor die federasie tussen Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië en Njassaland het misluk as gevolg van die naturelle-afgevaardigdes se teenstand. Die naturelle is bevrees dat die federasie die gelyke regte en voordele kan benadeel wat hulle in Noord-Rhodesië en Njassaland met die blankes geniet. In Suid-Rhodesië bestaan daar 'n mate van nie-amptelike apartheid.**

Die konferensie is belê deur die regerings van Brittanje en van die drie genoemde gebiede. Al vier die regerings is ten gunste van federasie. Tog kon die naturelle-afgevaardigdes se teenstand die plan verydel. James Griffiths, die Britse minister van koloniale sake het verklaar: „Die naturelle vrees federasie. Hul groot begeerte is dat hul tuistes protektorate onder leiding van Brittanje moet bly."

### VENNOOTSKAP

Die regerings het egter nie hul federasieplanne heeltemal prysgegee nie. Hulle hoop om die federasie-besprekinge teen die middel van aanstaande jaar in Londen voort te sit. Die Britse minister bepleit 'n beleid van gelykwaardigheid deur vennootskap tussen wit en swart.

Verneem word dat dit op die konferensie maar dol toegegaan het. Moeilikheid het glo ontstaan as gevolg van Suid-Rhodesië se klag dat die Britse ministers glad te veel waarde heg aan die opinie van die naturelle - afgevaardigde wou noordelike gebiede. Volgens 'n naturelle - afgevaardigdes wou sommige afgevaardigdes op een stadium selfs die naturelle uitjaag.

### NUKKERIG

**Een ding het op die konferensie baie duidelik geblyk. Dit is die verskil in opvatting oor kleuraangeleenthede wat daar bestaan tussen die Britse ministers uit Londen en die plaaslike Engelse leiers van die Unie se noordelike buurgebiede. Die plaaslike Engelse leiers het sommer baie, baie nukkerig geword vir die Britse ministers se kruipery voor die naturelle.**

Hierdie nukkerigheid het selfs in Engelse koerante in Suid-Afrika uitgeslaan. Die Cape Argus, van Kaapstad, skryf bv.:

„Die aankondiging dat die konferensie oor die federasie van die twee Rhodesies en Njassaland uitgestel is tot die middel van aanstaande jaar blyk, eerstens en hoofsaaklik 'n oorwinning te wees vir die naturelle-afgevaardigdes. Hierdie afgevaardigdes het by die aanvang van die konferensie reeds verklaar dat hulle 'n mandaat van hulle mense het om sonder voorbehoud en onvoorwaardelik enige vorm van federasie te verwerp.

### WITMAN SE LEIERSKAP VERWERP

„Indien die naturelle-afgevaardigdes hul standpunt handhaaf dan blyk dit is hulle in staat om federasie te verhoed. Aldus tree die begeertes van die naturelle vir die eerste keer tevoorskyn as 'n deurslaggewende faktor by die bepaling van die bestemming van Afrikaanse state met bevolkings wat bestaan uit meer as een ras!

„Niemand kan vooruit sê wat sal gebeur as die konferensie in 1952 hervat word nie, maar in die tussentyd is die leierskap van die witman verwerp."

# Staatsgreep Teen Perón

**Mislukte pogings is verlede Vrydag aangewend om 'n staatsgreep uit te voer waardeur die regering van president Juan Perón van Argentinië omvergewerp sou word. Die rebelleleiers is genl. Arturo Rawson, 'n voormalige aspirant-president, en genl. Benjamin Menendez.**

Hulle het probeer om Perón te dood maar die sluipmoord het misluk. Genl. Menendez het 'n beroep op die leër, vloot en lugmag gedoen om die regering omver te werp. Eenhede van die gewapende magte wat rebelleer het, is deur regeringsmagte tot oorgawe gedwing.

'n Woordvoerder van die rebelle het gesê dat iets êrens moes verkeerd geloop het. In teorie was dit onmoontlik dat die opstandsplanne kon misluk. In die praktyk het dit egter tog gebeur.

Wet en orde is oor die hele land herstel.

# Oliegeskil Na V.V.O.

Brittanje se stryd om sy olieryk van £500 miljoen in Persië te behou het verlede week gedreig om tot gewapende geweld oor te gaan omdat die Persiese eerste minister, Mossadeq, kennis gegee het dat hy die Britse werknemers van die Anglo Iranian oliemaatskappy gaan ontruim.

President Truman het aan die Britse eerste minister, mnr. Attlee laat weet dat hy geweld in Persië afkeur. Die Britte het nou besluit om hul oliegeskil met Persië voor die V.V.O. te lê. Verwag word dat Amerika die Britse saak sal steun.

DIE O.B., WOENSDAG, 3 OKTOBER 1951

# WAT DIE VOLK VAN DIE O.B. VERWAG

**Die Ossewabrandwag beliggaam die drie magtigste opwellings in die gemoed van die huidige geslag van die Afrikanervolk: die herontdekking van sy staatkundige eiegoed; die verset teen handlangerdiens aan 'n vreemde volk; en die verydeling met die partypolitiek.**

## DIE HERONTDEKKING

Die eerste opwelling het in 1938 plaasgevind. Rondom die ossewaentjies het 'n verowerde volk vir 'n oomblik die alledaagse lewe ontwyk, stil geword en teruggekyk na sy stryd om nasionale selfverwesenliking wat in die vrye republieke bereik is. En in tienduisende Afrikanerharte het daar 'n innige hunkering gekom na herlewing van die verlede. In gehoorsaamheid aan hierdie hunkering is die volkseie skeppinge herontdek, waarop die republiek van die toekoms herbou sou word.

**Hierdie herontdekking is die eerste rigsnoer waarvolgens die volk se toekoms beplan moet word.**

## VERSET TEEN HANDLANGERDIENS

Die tweede opwelling het in 1939 plaasgevind. In daardie jaar het die Afrikanervolk met 'n skok sy klaasskap ondervind. Sonder dat hy geraadpleeg is en sonder dat sy hoogste belange in ag geneem is, is sy vaderland in oorlog gedompel met 'n bevriende moondheid — slegs omdat Brittanje oorlog verklaar het. Teen hierdie handlangerdiens aan 'n vreemde volk het die Afrikaners in geweldige verset gekom.

**Hierdie verset is die tweede rigsnoer waarvolgens die volk se toekoms beplan moet word.**

## VERYDELING MET PARTYPOLITIEK

Die derde opwelling het opgelaai in die jare na 1939. In daardie jare het die volk sy vernedering diep gevoel en hy het met verslaentheid uitgevind dat die partypolitiek heeltemal magteloos is om hom in sy verleentheid te help. Uit hierdie verydeling met die partypolitiek het die behoefte na 'n doeltreffende volksorganisasie gegroei.

**Hierdie verydeling is die derde rigsnoer waarvolgens die volk se toekoms beplan moet word.**

## BEPALING VAN DIE REGTE KOERS

Dit blyk baie duidelik uit die voorafgaande opsommings van die aangrypendste ervarings wat die volk beleef het dat die Ossewabrandwag die gestalte is wat hierdie belewings aangeneem het.

**As ons weet watter ervarings van die volk die behoefte aan die Ossewabrandwag laat ontstaan het dan weet ons ook watter bevrediging die Ossewabrandwag moet verskaf.** En dan kan sonder enige twyfel die regte koers van die beweging bepaal word.

**Die herontdekking van die staatkundige eiegoed van die Afrikanervolk het die taak om die grondslae van die staat doeltreffend te herskep aan die Ossewabrandwag opgedra.** Britse beskouinge en instellinge — waaromheen selfs Afrikaners gevestigde belange opgebou het — moet vervang word met Afrikaanse beskouinge en instellinge.

**Die verset teen handlangerdiens aan 'n vreemde volk het die taak om die Britse konneksie te verbreek aan die Ossewabrandwag opgedra.** Die Britse koninkryk met sy Britse inhoud moet plek maak vir die Afrikaanse republiek met sy Afrikaanse inhoud.

**Die verydeling met die partypolitiek het die taak om die partystelsel met die volkstelsel te vervang aan die Ossewabrandwag opgedra.** Die partyregering en die verdeelde staat moet plek maak vir die volksregering en die eenheidstaat.

## WAT O.B. MOET DOEN

Dit is die bevrediging wat die Ossewabrandwag moet verskaf. Maar hoe moet hy dit doen? Dit was reeds sedert sy ontstaan heeltemal duidelik wat die volk van die Ossewabrandwag verwag. Laat ons die verwagtinge nagaan:

**(1) Die O.B. moet selfstandig voortgaan. Hy mag nooit die handlanger van 'n politieke party word nie.**

Dit is baie betekenisvol dat die volk 'n nuwe organisasie uitgestoot het om vir hom hierdie verlangde bevrediging te verskaf. Hy het nie sy toevlug geneem tot die bestaande politieke party nie. Nee. Hy het 'n nuwe organisasie geskep om sy behoeftes te bevredig. Hierdie optrede van die volk het die verpligting op die Ossewabrandwag gelê om die taak wat aan hom opgedra is, selfstandig te vervul. Die volk het met die partystelsel gebreek toe hy sy toevlug na die Ossewabrandwag geneem het en daardeur het die Ossewabrandwag die plaasvervanger van die partystelsel geword.

**(2) Die Ossewabrandwag moet veg vir die verskaffing van die bevrediging wat die volk verlang.**

Dit ly geen twyfel dat die volk die Ossewabrandwag geskep het met die uitdruklike doel om vegkommando's vir die verwesenliking van sy ideale op die been te bring nie. Dit lê onteenseglik die plig op die Ossewabrandwag om te veg . . . te veg vir die ideale wat hy moet verwesenlik. Niemand anders sal daarvoor veg nie. Dit is die Ossewabrandwag se stryd. Laat ons die stryd voortsit!

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Samesmelting Is Net Naamsverandering*

Mnr. P. C. Kruger van Blinkwater, Pk. Stoffberg, skryf instemmend oor my aanmerkings in verband met die samesmelting tussen die H.N.P. en die A.P. wat in Die O.B. van 5 September verskyn het. My leser sê: „Ek het Sybrand se artikel met belangstelling gelees en ek was bly om te sien dat die partypolitici darem nie sommer enige een van koers kan dryf nie. Die partykoerante maak so 'n groot lawaai oor die samesmelting van die twee partye — asof dit die grootste wonder is wat gebeur het! Tog het daar wesentlik net 'n naamsverandering gekom en niks meer nie. Dit bly nog maar Britse partypolitiek. Dit bevat niks oorspronklik uit die republikeinse staatkunde van ons volk nie. Die twee strome, wat wesentlik twee volke verteenwoordig, bly nog maar bestaan. En waar twee strome aanwesig is, is daar 'n voortdurende botsing ook aanwesig en kan daar geen sprake van 'n verenigde volk wees nie.

„Die woord nasionaal veronderstel 'n eenheidsorganisme en nie twee eenhede nie. 'n Volk kan nie 'n tweeheid wees nie. Hy kan nie tegelyk Afrikaner en Engelsman wees nie. Laat ek dit so stel: een taal, een kultuur, een volk, maar twee tale, twee kulture, twee volke. Wat is die nuwe party anders as die voorstander van laasgenoemde tweeheid? Derhalwe is dit waar dat samesmelting ons niks nader aan die ideaal van 'n verenigde volk gebring het nie.

### *Bedreiging Vir Blanke Baasskap*

„Wat betref maatreëls vir die bestendiging van die blanke om baas in sy eie huis te bly is daar nie die minste bewys dat die nuwe party 'n uitgewerkte plan daarvoor het nie. Woorde is nog lank nie dade nie. Van oudsher af was daar in ons land aparte woonbuurtes vir blank en nie-blank; en dit is vandag nog daar. Al wat gebeur het is dat die woonbuurtes van tyd tot tyd nader na mekaar geskuif het — en dit is ongewens. Maar dit is nie die grootste gevaar wat die blanke baasskap bedreig nie. Die grootste gevaar was en is die seggenskap wat die nie-blankes gekry het in die bestuur van die blankes se huis.

„Die Kleurlinge en die Asiate kan ons maar eers eenkant laat. Die groot ding draai om die blanke en die naturel. Die naturel het bestuursreg in die blanke se huis gekry en dit bedreig die blanke se alleenbaasskap in sy eie huis. Sal die nuwe party daardie seggenskap van die naturel afneem? Mnr. Havenga het nog onlangs op die A.P.-kongres gesê dat hy nie sal toestem dat die naturelleverteenwoordigers in die parlement afgeskaf word nie. En dr. Malan het ook geen uitgewerkte plan om dit te doen nie.

„Dus in verband met die bestendiging van die blanke se alleenbaasskap in sy eie huis is ons nog maar net waar ons was en die nuwe kombinasie gee geen teken dat hy ons na 'n oplossing sal lei nie."

### *Verteenwoordiging Van Naturelle*

Ek dink dit sal nuttig wees om die amptelike standpunt van die Ossewabrandwag, oor hierdie saak, weer te gee soos dit op die jongste laertrek gestel en aanvaar is: As eenmaal die beleid van territoriale (of algehele) apartheid aanvaar word, dan los die probleem van die politieke verteenwoordiging van die naturelle homself op. As die naturelle hul eie land kry waar die moontlikhede vir hulle geskep word om vertikaal te ontwikkel langs hul eie lyne, dan is dit logies en vanselfsprekend dat die naturelle, insluitende diegene wat tydelik nog in blanke gebiede vertoef, politieke verteenwoordiging moet kry in die rade van hul eie land en nie in die rade van die blanke se land nie.

### *Sarel Trichardt Se Beswaar*

Mnr. Kruger skryf voorts: „Daar is klaarblyklik mense wat dink dat die anti-partygroep sy tyd uitgedien het; nou maar moet ontbind; en dat almal by die nuwe party moet aansluit. Laat ek diegene wat so dink aan 'n paar grondbeginsels herinner: Elke saak het 'n begin, 'n opkoms en dan 'n verval.

„Toe die Het Volk-party in Transvaal gestig is, na die Engelse oorlog, was daar 'n sekere Sarel Trichardt wat beswaar gemaak het teen die partypolitiek. Hy het gevrees dat die partystelsel ons volk hopeloos sou verdeel. Nou kan elkeen maar vir homself oordeel of sy vrees van destyds gegrond was! Ek het saam met hom gevoel maar wat kon twee mense uitrig teen die publieke opinie. Maar dit was die begin van die stryd teen die partypolitiek. In 1933 het die idee weer begin posvat en daarna het die O.B. en die N.O. ontstaan. In die begin was daar een man, maar vandag is daar reeds duisende wat dink soos hy gedink het. En tog sal elkeen erken dat die anti-partygroep nog glad nie sy hoogtepunt bereik het nie.

„Dat daar weer 'n teëslag is sal ek geredelik erken, maar dit is nie die eerste teëslag nie en dit sal miskien ook nie die laaste wees nie. Al die vorige teenslae is oorleef, en hierdie een sal ook oorleef word. Die anti-partypolitieke sienswyse het nog nie sy hoogtepunt bereik nie — om te kan daal nie. Die hoogtepunt is die totstandkoming van die partylose staat. In daardie staat sal geen politieke party kan dikteer wie kandidaat mag wees nie. Die kiesers van elke kiesafdeling sal eie vrye kandidate nomineer. Die eerste minister sal nie die reg hê om die staatshoof aan te stel nie. Die kiesers sal hom kies. Dit is wat ek noem demokrasie: wat ons vandag het is nie demokrasie nie, maar partydiktatuur.

### *Politieke Partye Sal Niks Regmaak Nie*

„Onder ons huidige stelsel is niemand vry nie. Elkeen moet maak soos die partyleiers sê. Net die partyleiers het 'n eie wil. Die enigste plek waar 'n gewone mens nog 'n eie wil het is buitekant die partypolitiek. As 'n mens by die partypolitiek aansluit dan is die eerste vereiste dat jy jou eie wil moet prysgee en moet dink en doen soos die leiers dink en doen. As dit nie 'n diktatuur is nie, wat is dan 'n diktatuur? Omdat die gewone mense geen seggenskap in die party het nie, is daar geen hoop dat die partye die dinge sal herstel wat verbrou is nie. En as die anti-partygroep gaan ontbind en die lede gaan by die nuwe party aansluit dan bly daar geen hoop vir ons nageslag oor nie.

„Daarom hoop ek en vertrou ek dat die anti-partygroep nie opgebreek sal word nie, maar dat hy sal aangroei tot 'n magtige organisasie. Ons volk is nie voorbestem om onder die Engelse mag te bly nie en nog minder is ons voorbestem om deur nie-blankes regeer te word.

„Aangesien dr. Malan en mnr. Havenga darem in 'n sekere mate die verkeerde beleid van die Verenigde Party teengegaan het en aangesien die anti-partygroep nog nie ten volle gereed is nie, sal dit bes moontlik gewens wees dat die anti-partygroep nog by die eersvolgende verkiesing maar weer vir die Malan-Havenga-kandidate gaan stem — egter, sonder dat die lede van die anti-partygroep by die nuwe party aansluit. Intussen moet die anti-partygroep hom gereed maak en onmiddellik na die algemene verkiesing moet hy selfstandig optree.

### *Moet Volk En Nie Partye Bou Nie*

„Ek wil herhaal dat dit tevergeefs is om te hoop dat die partypolitiek die foute wat die partypolitiek gemaak het sal herstel. Partypolitiek is nie eie aan ons volk nie. Die Britse partypolitiek het sy oorsprong in Brittanje en dit het niks gemeenskapliks met ons volk nie. Dit is vir ons 'n uitheemse ding. As ons volk wil beantwoord aan sy roeping om 'n aparte nasie te wees, dan moet ons onsself wees — een nasie — en nie probeer om twee nasies te wees nie.

„Ons volk se roeping is nie om nuwe party op te bou nie; ons roeping is om die nuwe volk wat hier gebore is op te bou. Die verlede bewys onteenseglik dat die partypolitiek meer dikwels as andersins die moordenaar van die nuwe volk was."

### *Een Afrikanervolk*

My leser roer 'n baie belangrike saak aan wanneer hy die beskuldiging maak dat die partypolitiek verhoed dat die blankes in Suid-Afrika tot één volk saamgroei. Die partypolitiek bestendig twee strome in ons land wat, soos my leser dit stel, „wesentlik twee volke verteenwoordig." Dit is ongetwyfeld waar. Die Uitvoerende Raad van die Ossewabrandwag het verlede jaar 'n beleidsverklaring uitgereik, waarin dit o.m. soos volg lui:

„Die historiese taak wat in Suid-Afrika verrig moet word, is die opbouing van een Afrikanervolk met een trou. Hierdie volk sal sowel die Afrikaanssprekende as die Engelssprekende blankes omvat en het as bestemming die vrye republiek van Suid-Afrika.

„Dit was hierdie ineens verhelderde visioen van 'n ou volksideaal wat die hele Afrikanervolk gedurende die Eeufeestrek in 1938 met soveel geesdrif en nuwe verwagting besiel het, en wat hom tot so 'n verbreide nasionale herlewing, eenheidstrewe en daadkrag in daardie tyd gelei het. Ons mag hierdie verwagtinge nooit ontken of verydel nie.

„Daarteenoor het die voortsetting van die historiese stryd tussen Afrikaner en Engelsman in die moderne partypolitiek hoofsaaklik drie verydelende gevolge:

(vervolg op bladsy 3 kolom 1)

# WIL BAAS BLY VAN SY STEM

**Mnr. P. W. Kloppers, Robertson, skryf:**

Ek lees in die koerante so baie van die „eenwording" tussen die H.N.P. en die A.P. asof daar nou baie meer van hulle kan verwag word as in die verlede. Dit is volgens die uiteensetting van mnr. Havenga op die Transvaalse kongres van die H.N.P. glo bedoel vir alle nasionaalgesinde Afrikaners. **Maar oënskynlik is lede van die Ossewabrandwag nie nasionaalgesinde Afrikaners nie want tot hulle was daar nog geen uitnodiging gerig nie — alles is selfs van partykant gedoen om die tergende woord, Ossewabrandwag, te vermy.**

Die samesmelting moet net partyeenheid bewerk en nie volkseenheid nie. Daarom moet die nuwe party net bestaan uit nasionaal-partygesinde Afrikaners en is die O.B.-lede nie welkom nie want hulle is nasionaal-volksgesinde Afrikaners.

### „ROYAL"-REPUBLIEK

Wat nuut is van die nuwe Nasionale Party is dat hy verskil van die oorspronklike Nasionale Party, wat wyle genl. Hertzog gestig het, met betrekking tot sy mees kardinale punt, nl. die republiek. **Die nuwe Nasionale Party begunstig 'n „Royal"-republiek teenoor die vrye Afrikaanse republiek waarvoor 'n Beyers, 'n De la Rey en 'n De Wet geveg het en waarvoor die ou Nasionale Party gestaan het. Vir 'n „Royal"-republiek is O.B.-lede nie te vinde nie. Dit is seker 'n ander rede waarom O.B.-lede nie welkom is in die nuwe party nie.**

### SETELS VEILIG

Baie O.B.-lede het destyds toegetree tot die Afrikanerparty **met behoud van hul O.B.-identiteit.** Daardeur het hulle gehelp om die Afrikanerparty 'n bietjie meer gewig te gee in die koalisie wat hy aangegaan het met die H.N.P. Noudat die Afrikanerparty opgehou het om te bestaan en die Afrikanerparty-volksraadslede verseker is van hul setels, sonder dat dit nodig is om toegeken te word, staan die O.B. terug sonder 'n dankie van die A.P.-leier.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

Dit is maar partye se gewoonte. Al wat hulle wil hê is 'n **stem** elke vyf jaar. Maar O.B.-lede kan hulle **stemme** gebruik soos hulle wil — sonder dat hulle by partye hoef aan te sluit.

### TEEN AANSLUITING

Sluit 'n O.B.-lid egter by die nuwe Nasionale Party aan plaas hy homself onmiddellik onder die diktatuur van die partyleier **en dan kan hy te eniger tyd uit die party verban word soos gebeur het met mnr. Jock van Niekerk van Klerksdorp wat 'n republikeinse leër op die been wou bring.**

Maar dit is nie al nie. Die O.B.-lid wat aansluit se geld sal opgeëis word en in die party se strydfonds gestort word. **Op hierdie manier sal die O.B.-lid se geld gebruik word om die party te help om die stryd, wat hy al vir die laaste tien jaar teen die O.B. voer, voort te sit.** Die O.B. het sy fondse self nodig.

### SELFMOORD

Die diskriminasieklousule wat deur die H.N.P. ingevoer was teen die O.B. bly voortbestaan in die nuwe party ten spyte van wat mnr. Havenga daaroor te sê gehad het. Dit laat my dink aan die spinnekop wat vir die vlieg gesê het: „Will you walk into my parlour said the spider to fly; this is the prettiest little parlour that ever you did spy." Vir die O.B.-lid wat daarin gaan beteken dit selfmoord.

Die H.N.P. en die A.P. het nou lekker saamgewerk; goed gesorg vir hul oudag, waarom sal hulle nie saamsmelt nie? **Maar waarom sal ek nie baas van my stem bly nie?**

# DIE GESLOTE PARTY IS GEVAARLIKE MASJIEN

**Die eenwording van die Nasionale en Afrikanerpartye word deur baie aanhangers van die twee partye met gemengde gevoelens bejeen. Daar is natuurlik lede van albei organisasies wat die gebeurtenis met opregte blydskap tegemoet sien as die verwesenliking van 'n ideaal wat hulle al jarelank nastrewe.**

**Dit is egter te vrese dat die meerderheid nie veel belangstelling en nog minder geesdrif aan die dag lê. Sommiges beskou dit selfs as noodsaaklik en onvermydelik, maar aanvaar dit eerder met gelatenheid as met uitbundigheid. 'n Taamlik groot minderheid sien glad nie gretiglik daarna uit nie. Aldus lui 'n artikel in adv. Pirow se Nuusbrief oor die ope en die geslote politieke party. Dit vervolg:**

By die vuurvreters van die H.N.P. is die apatie en selfs onwilligheid nogal verstaanbaar. Hulle beskou die opname van die lede van die ander party as oorbodige vriendelikheid teenoor 'n bondgenoot wie se hulp (as mens hulle moet glo) van die staanspoor af oortollig was. Hierdie met grootheidswaan behepte element het die H.N.P. in die verlede al ontsaglik veel kwaad aangedoen. Sy aanwesigheid in die party is 'n faktor wat sommige van die lede van die ander party afskrik.

### VERSKILLENDE TIPES

**Al die oorwegings wat genoem is, mag bydra tot die ongretigheid waarmee soveel lede van die A.P. vandag dink aan die „samesmeltery" wat voor die deur staan. Maar hulle voel ook dat daar 'n diepere grond is wat hulle nie vir hulself kan formuleer nie, vir die gevoel van onbehae. Miskien lê dit daarin dat die twee partye in weerwil van alle gelykheid van beginsels en van strewe tog aan twee totaal verskillende tipes van party-organisasie behoort.**

Dit is dus heeltemal verstaanbaar dat twee partye heeltemal dieselfde beleids- en beginselverklarings kan onderskryf en tog soveel van mekaar verskil dat 'n persoon wat in die een heeltemal op sy gemak voel in die ander so ontuis soos 'n ongewenste sal wees. Dit is 'n kwessie van temperament en karakter meer as een van konstitusies en publikasies.

### DIE OPE EN GESLOTE PARTY

**Nou kan ons twee uiterste tipes van politieke partye onderskei wat ons maar die ope party en die geslote party kan noem.** In die politieke lewe van ons tyd is die ope party die uitsondering want dit is die soort party wat in sy inwendige organisasie en verhoudings van die veronderstelling uitgaan dat sy lede volwasse weerbare persoonlikhede is, geregtig op 'n eie onafhanklike mening en met 'n aanspraak daarop dat hulle persoonlikheid en oortuigings gerespekteer sal word.

**Verskil van mening word in die ope party nie net geduld nie maar dit behoort selfs tot die wese van die organisasie dat daarin sekere skakeringe van oortuiging sal wees naas die saambindende eensgesindheid ten opsigte van 'n klein aantal kardinale beginsels.**

Die kenmerkende eienskap van die geslote party daarenteen is die streng, intieme dissipline waardeur die lede gebind word om die leiding van die partybestuur te volg en sy bevele uit te voer. **Waar die party goed deurorganiseer is, word geen afwykings van die erkende menings van die partyleiding toegelaat nie. In die eerste plek word die lede met propaganda bestook waarin die opvattinge van die leiers as onbetwiste en onbetwisbare waarhede sonder beredenering verkondig word. Die onfeilbaarheid van die party word as vanselfsprekend veronderstel. Daarby word kontra-propaganda teen afwykende menings gevoer waarin diegene wat sulke opvattings huldig as dwase en verraaiers gebrandmerk word.**

Enige twyfel aangaande die alleensaligmakende mag van die party by sy eie lede word gestraf met baie effektiewe middels. Die geringste daarvan is sosiale uitbanning; partylede vermy alle omgang met die twyfelaar. Ekonomiese dwangmiddels soos die verlies van betrekking of van bevordering word toegepas wanneer die party in staat is om soiets reg te kry.

### GROEPVORMING

**Terwyl die vorming van vleuels binne die ope party feitlik vanselfsprekend is, word dit in die geslote party nie geduld nie. Om vleuels toe te laat sou nie alleen strydig wees met die solidariteit van die party nie, maar ook met die mite van die onfeilbaarheid van die partyleiding. In die plek van vleuels het die geslote party sy klieke, d.w.s. groepe van individue geskaar rondom 'n betreklike sterk individu, wat meeding om die partyleiding te verower. Die kliek is vir die solidariteit van die party nie gevaarlik nie, maar kan tot allerlei misbruike en korrupsie aanleiding gee. Dit lei o.a. tot voortdurende uitoorlêery.**

Die geslote party het in die afgelope halfeeu in verskillende lande 'n enorme sukses gehad.

(vervolg op bladsy 4 kolom 5)

# Van die Os op die Esel

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

(1) „DIE STRYD IS VEREWIG:—

„Oorspronklik het die stryd die verdeeldheid laat ontstaan; teenswoordig laat die gedwonge verdeeldheid tussen regerende party en opposisieparty die stryd voortbestaan.

(2) „DIE STRYD HET BETEKENLOOS GEWORD:—

„Geen beslissende oorwinning kan ooit behaal word nie, want die oorwinnaars wissel mekaar af soos die onderskeie partye òf regering òf opposisie is.

(3) „DIE STRYD HET TOT REGERINGSONMAG GELEI:

„Hoewel Suid-Afrika se besondere probleme juis 'n sterk regering vereis, is Suid-Afrika se kroniese probleem swak regering en sterk opposisie."

## *O.B. Sal Sy Pad Alleen Bewandel*

In hierdie beleidsverklaring het die leiers van die Ossewabrandwag ook in 'n ander opsig my leser gelyk gegee, nl. ten aansien van die magteloosheid van politieke partye. Dit is verspot om te verwag dat politieke partye die partystelsel sal omskep en die hervormings sal teweegbring waarvoor die Ossewabrandwag, of die anti-partygroep soos my leser hom noem, so hartstogtelik pleit. Nadat die Uitvoerende Raad die doelstellings van die Ossewabrandwag uiteengesit het verklaar hy:

Die Uitvoerende Raad wil onomwonde verklaar dat voornoemde doelstellings nie verwesenlik kan word deur 'n uitsluitende politieke party nie. Hulle kan alleen bereik word deur 'n insluitende volksbeweging.

„Daarom streef die Ossewabrandwag openlik daarna om sodanige volksbeweging te verwek. En daarby pleit die Ossewabrandwag steeds vir samewerking by verwante organisasies, sodat hierdie doelstellings deur die samewerkendes — as insluitende volksbeweging — verwesenlik kan word."

Ten slotte lui die beleidsverklaring:—

„Die Ossewabrandwag gaan voort in die rigting van die doelstellings wat hy bely. Daarom bou hy sy organisasie weer kragtig uit. Die Ossewabrandwag bly bereid tot samewerking, maar deins vir geen oomblik terug om die pad wat hy so helder sien, alleen te bewandel as dit moet nie. Dit doen hy dan in die volle besef van sy roeping en sy verantwoordelikheid teenoor God, Volk en Vaderland."


*SY LEWE WAS OP DIE SPEL . . .*

**'n Operasie was dringend nodig!**



Dit het alles so skielik gebeur—Johan Theunissen het nie eers geweet dat hy siek is nie—ernstig siek—totdat hy in die hospitaal bykom en Nellie en die kinders, bleek en beangs, om die bed sien staan. Sy lewe was in gevaar en daar was net één hoop—'n noodoperasie deur 'n spesialis.

'n Duur operasie! Maar gelukkig sou daar uitkoms wees, want op Johan se Sanlam-polis sou hulle 'n lening—*sonder rente*—kon aangaan, om die onkoste van die operasie en hospitaal te help dek . . . .

● **Hoe sou *U* in so 'n noodgeval vaar? Sou U 'n bron hê waar u gehelp kan raak? Vir u eie ontwil en die van u gesin, vra VANDAG hoedat Sanlam u in tyd van nood kan help.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**

*Hoofkantoor:*

Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17b, Posbus 660, Kaapstad.**

*Laat my asb. dadelik weet hoe ek rentevrye lenings vir noodoperasies kan aangaan.*

NAAM: ..................................................

ADRES: ..................................................

..................................................

*Beroep:*.................. *Ouderdom volgende Verjaarsdag*...... C2

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

**MEUBELS**

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.




**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

**HORLOSIES EN BRILLE**

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

**TE KOOP**

**SWART AUSTRALORP KUIKENS,** waarop u trots kan wees en daar is geen rede waarom u hulle nie almal groot sal maak nie. Kry hulle net teen 6/10/- k.m.b. van **E. BOTHA,** Bus 1128, Bloemfontein. 4/7/1

**GRYSHARE**

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAAR-WONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOERE-GENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

**MEDISYNE**

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49

**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANG 1949—1950**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

# *Teken in op DIE O.B.!*

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- **Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.**
- **Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- **Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volksekonomie.**
- **Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.**

**DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.**

**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

## *Intekenvorm*

***Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.***

***Hierby ingesluit vind u die bedrag van........................***

***..............................vir die eerste..........................maande.***

***NAAM*................................................................**

**(Naam en Adres in Blokletters)**

***POSADRES*............................................................**

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

***Handtekening.***

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## *Ander Se Menings*

# Gevestigde Belange In Die Politieke Bedryf

**„'n Vlaag van politieke toesprake soos wat ons van weerskante in die afgelope paar weke gehad het, moet noulettende volgers van ons party-politiek onvermydelik laat kopskud oor die baie onrealistiese elemente in die huidige partystryd," skryf Dagbreek.**

„Aan die één kant het die Eerste Minister op die Transvaalse H.N.P.-kongres opnuut die moontlikheid van 'n partystryd oor die Protektoraatekwessie in die vooruitsig gestel. Met al die aanleiding wat hy daarvoor sou hê indien die Opposisie sou weier om saam te werk tot 'n Parlementêre petisie aan die Geheimraad, ontkom 'n mens tog nie aan die futiliteit wat dit in elke opsig sou afgee, behalwe miskien vir partydoeleindes nie.

**ROEREND EENS**

**„Sedert Unie tot vandag toe het die leiers van albei partye hulle beywer vir oordrag van die Protektorate. 'n Mens moet dus aanneem dat albei dit in beginsel eens is hieroor. Maar laat een party dit op sy vaandel skryf, en dit is meer as waarskynlik dat die ander party rede sal soek (en sal vind!) om dit te bestry. Dan is daar 'n heerlike herrie aan die kom oor iets waaroor ons almal dit van 1910 af tot twee weke gelede roerend eens was.**

**DISKRIMINASIE**

„Aan die ander kant het die Leier van die Opposisie sowel die vorige week op die Natalse V.P.-kongres as die afgelope week op Reitz, 'n hele persentasie van sy tyd en energie gewy aan 'n ware etimologiese ondersoek van die aanstaande Nasionale Party se Beginselprogram — met die doel om te bewys dat hulle uit is op diskriminasie teen Engelssprekende Afrikaners ten opsigte van politieke regte. Ons vrees die politieke psigiese aanleg om dit in daardie program te lees, ontbreek ons ten enemale!

**BEROERING**

**„As die huidige partye-struktuur moet berus op wat werklik bely en geglo en gedoen word, stort dit waarskynlik môre in duie. So 'n ramp word voorkom deur publieke mening in beroering te hou oor wat die teenstanders nie sê nie en wat hulle mag doen. Op die manier word gevestigde belange in die politieke bedryf gehandhaaf. Maar in ag geneem hoeveel talent besig is met, en hoeveel nasionale energie opgaan in hierdie stormlope op windmeulens, is dit nie bietjie jammer nie."**

**BRITSE GEES**

„Dit kom hierop neer dat die moderne Britse imperialisme nie omgee om wat die ‚executive organisation' betref, formeel soewereine state in die Statebond te aanvaar nie, maar binne die staatsvorme is hierdie imperialisme gerig op vernietiging van die afsonderlike volksiel en volkswil in elkeen van die staatsvorme, soos wat mens in die geval van 'n eier die dop behou, maar die geel en wit, die eintlike eier, verwyder. Dan lyk dit nog soos 'n eier, maar eintlik is dit 'n leë dop.

**„In die plek van die eie volksiel en volkswil word dan 'n ‚collective mind,' 'n gemeenskaplike Britse gees en wil gekweek, d.w.s. 'n Sap-gees. Dan word die formeel soewereine state van die Statebond blote instrumente van die Britse ‚collective mind.'**

**VOLKSVERLEDE**

„Daar, is soos dit vir my lyk, twee maniere om hierdie imperialisme met welslae te beveg.

**„Die eerste is deur die eie volksiel te versterk uit die eie volksverlede.** Dit is juis om die volksiel dood te maak, dat daar gedurig gesê word ons moet die verlede laat rus. Laat ons antwoord hierop wees dat ons vir niks ter wêreld ons volksverlede sal verloën of prysgee nie.

**REPUBLIEK**

„Die ander manier om die nuwe imperialisme te beveg, is deur die stigting van 'n republiek, afgeskei van die Britse Ryk en Kroon, want dan het die ‚collective mind" saam met die gemeenskaplike kroon sy houvas verloor: Dan sal daar minder Sappe wees. **In 'n republiek sal die Sapisme nie kan floreer nie. En aangesien dit juis die Sap-vraagstuk is wat die oplossing van al ons vraagstukke vertroebel, tot selfs oor die see, sal 'n republiek ook die oplossing van daardie vraagstukke vergemaklik."**

## Wetgewing Teen Die Liberalisme

**Moet die liberalisme wat 'n veel gevaarliker volksvyand is, vanweë sy listige vyfdekolonne-optrede van binne, slegs met gebed afgeweer word, terwyl die kommunisme, wat 'n gevaar van buite is, met wetgewing verbied word? skryf ds. B. R. Buys, van Usakos, in Die Suidwester, na aanleiding van perskommentaar oor die kwessie van Sabbatswetgewing.**

Hy beantwoord sy vraag soos volg:

„Nee, so verkies die liberalis dit waaronder ons volk ook ongelukkig reeds sy duisende slagoffers tel; want dan weet hy sal die leer van liberalisme en materialisme spoedig die Christelike Gereformeerde Calvinisme totaal in die skadu stel, soos reeds in ander lande binne die Christendom tot sorgwekkende mate gebeur het."

Voorts skryf ds. Buys:

**WET VERBIED**

„Sommige ontspanningsfasiliteite soos biljart in 'n publieke kroeg, bioskope, danspartye, ens. is op Sondae deur ons wet verbied, maar ander soortgelyke openbare spele en ontspanning soos voetbal, tennis, jag, ens. is nie? Wat is die verskil dan dat sommige gepenaliseer word en ander nie? Ook word doodslag, diefstal, valse getuienis en ontug tussen blank en gekleurd deur wetgewing verbied. **Ons kan dan net sowel redeneer, dat wette vir hierdie dinge nie nodig is nie as die gebed en geloof die antwoord op sosiale ontaardings moet wees.**

**MOET WERKSAAM WEES**

„U sien dus dat by die gebed en geloofsvertroue ook gewerk moet word en wette gemaak moet word om ons geloofsgoedere te beskerm. As die wildsbokkie se lewe in Suidwes deur gedwonge wette beskerm kan word dan sekerlik ook die Afrikanervolk se siel? ‚Bid en werk' is een van die slagspreuke van die Christendom. Ons kan dus nie maar hande vou en net bid nie. Ons moet werksaam wees, terwyl ons bid vir die nodige krag.

„Waarom moet ons staan en toekyk dat die gees van liberalisme ons volk oorweldig, terwyl Christus gesê het: ‚Julle is die sout van die aarde'? Ons wil nie met krag of geweld nie maar op konstitusionele wyse die gees en beginsels van die Christendom op ons staatkundige terrein handhaaf.

**PAUL KRUGER**

**„Paul Kruger, wat vir ons dikwels, ook van die politieke verhoog voorgehou word as voorbeeld van 'n ware nasionale Afrikanerstaatsman het sy godsdiens op staatkundige terrein sodanig uitgeleef dat die Afrika-rit resies-jaers onlangs nog op grond van 'n Paul Kruger-Sondagswet, belet is om deur die Transvaal op Sondag te jaag.**

„Die Eer van God moet op alle terreine van die lewe gehandhaaf word — ook op die politiek - staatkundige terrein. **Ons kan nie maar ewe vroom hande vou en hierdie belangrike terrein aan die wêreld oorgee of in die hande van die liberalisme laat val nie, want dit is waarop dit neerkom as ons nie Christelike wetgewing mag eis nie."**

## In Republiek Sal Sap-Gees Sterf

**Die Sap-gees sal in 'n republiek nie kan floreer nie, skryf dr. Albert Coetzee, Bethlehem, in Die Volksblad. Sy brief lui:**

**„In sy beroemde boek oor die Sosiale Sielkunde The Group Mind, sê prof. Wm. McDougall: Vandag skenk Engeland aandag aan 'n taak wat nog nooit van tevore aangepak is nie — nl. die samesmelting tot een nasie van die volke van die moederland en haar vergeleë kolonies. Hierdie taak is oneindig moeiliker as die stigting van 'n ryk, soos byvoorbeeld die Romeinse Ryk, nie omdat die afstande groter is nie, maar omdat die samesmelting wat die Engelse beoog moet lei tot die skepping van 'n gemeenskaplike gees (collective mind) en nie slegs tot 'n bestuurlike organisasie (executive organisation) nie.**

## Die Geslote Party

(vervolg van bladsy 3 kolom 5)

**Dit is 'n politieke masjien wat, as dit eenmaal gevestig is, byna alle weerstand kan oorkom.** Om dié rede is dit 'n tipe party wat vir alle ambisieuse politici besonder aanloklik is. Ons vind dan ook dat byna alle partyleiers van ons tyd besig is om hulle organisasie om te skep tot hierdie soort effisiënte politieke masjien.

**DIE VERSOEKING**

Ons wil hier glad nie beweer dat die H.N.P. vandag 'n uitgekristaliseerde geslote party is, of dat die A.P. die toonbeeld van die ope party is nie. Albei het die versoeking wat die geslote party bied ondervind; albei bestaan in 'n land waar daar nog weerbare persoonlikhede is; die individualisme van die boer veral as hy nog boer is, is spreekwoordelik. Die houding van die H.N.P. teenoor "afwykende" persone en groepe is te bekend om hier verder bespreek te word, terwyl die A.P. op hierdie punt hom veel minder onverbiddelik getoon het.

## ALBANIË—(2)

# HOE RUSLAND SY PLANNE SMEE VIR MIDDELSEE

**Die Italianers, die Duitsers, die Joegoslawe, alle vreemdelinge wat in die land gewees het, was weg. Maar al die Joegoslawe het nog nie die land verlaat nie toe op die Albaniese vliegvelde Russiese transportvliegtuie neerstryk wat Russe — en Duitsers — bring. Die Albanese skud net hulle koppe en laat die volgende uit: Ja, ja, die Duitsers is dikkoppe, ons het hulle 'n neerlaag laat ly maar hulle kom weer terug, hulle hou sekerlik baie van ons land.**

Op die Monte Canina in Suid-Albanië staan mense met militêr-geskoolde oë na die Gibralter van die Adriatiese see en kyk. Hulle maak aantekeninge op landkaarte en planne. Hulle blik is gerig na die Weste, oor die sakvormige baai van Valona, na Kaap Linetta.

Dit is amper dieselfde beeld soos in 1944 toe die Duitsers op die Monte Canina gestaan en vlugplanne beraam het. Daardie tyd het hulle blik gegaan oor die paaie na Fleri en Kavaja.

Die mense wat vandag op die Monte Canina staan is weer Duitsers. Maar hierdie keer is die Duitsers in die diens van die Russe. Die Russe wil die ervarings van hierdie Duitse deskundiges uitbuit. Valona is 'n strategiese uitgangspunt na die Middellandse See en 'n sleutelpunt vir die Adriatiese See. So word Valona, deur die Russe, met die nuutste uitvindings van die tegniek as die „ystervark van Valona" uitgebou.

### PLAN VERYDEL

Duitse militêre en tegniese deskundiges het in die tweede Wêreldoorlog planne beraam om Valona as 'n tweede Gibraltar uit te bou, maar Hitler het, net soos in baie ander gevalle, hierteen gewerk en so het dit met Valona nie verder gekom as voorbereidings te tref nie.

Die Russe weet deur middel van die Duitse deskundiges wat vir 'n eersterangse posisie hulle in Valona het. **Die baai van Valona en die eiland Sasseno uitgebou tot 'n onoorwinbare vesting, beheers nie alleen die seestraat van Otranto nie, maar ook die Italiaanse oorlogshawe Taranto.**

Die swaar kanonne wat deur die Italianers in 1941 op Sasseno opgestel was is deur die Russe afgetakel en deur nuwe en beter kanonne vervang. Afskietbasisse vir langafstand V-wapens is gebou. Die groot radarstasie wat op Monte Canina opgestel is, het twee oogmerke, naamlik

**(1) leiding van langafstand V-Wapens;**

**(2) die aankoms van vyandelike vliegtuie en oorlogskepe aan te dui.**

### DUIKBOOTBASIS

Die baai van Valona het 'n groot aantal natuurlike grotte, waar die Russe 'n duikbootbasis skep. Die grotte van Valona sal baie beter wees as die Duitse duikbootskuilbakke van Lorient in Frankryk en kan meer as 50 duikbote herberg.

Die Duitse duikbote wat deur die Russe buitgemaak is in die Baltiese See, is deur Duitse deskundiges met verbeterde nuwe diesel-masjiene uitgerus. Hierdie duikbote het 'n byna onbegrensde aksie-radius en 'n snelheid van 26 knope.

**Valona se duikboot-stasie is in staat om die gehele skeepvaart in die Middellandse See buite werking te stel.**

So het nou al reeds 'n besorgdheid ontstaan in lande wat hulle lewensbehoeftes met die Middellandse See verbind. Hierdie lande volg met groot spanning die groei van die „ystervark van Valona."

Daar het in die laaste jaar 'n klomp Duitse, Poolse en Hongaarse dwangarbeiders wat in Valona gewerk het uit die Arbeidskampe ontvlug. Die stories wat hulle vertel is nie alleen interessant nie, maar in 'n groter mate baie waardevol.

## Deur Ski

Die betrokke lande aan die Middellandse See kan nou teenmaatreëls tref om die groot gevaar die hoof te bied.

### OMGEKOOP

Was die Middellandse See in die Eerste Wêreldoorlog net 'n oorlogstoneel van bykomstige betekenis, in die Tweede Wêreldoorlog het hy 'n baie belangrike rol gespeel. Die voortmars van die Duits-Italiaanse leër tot voor die poorte van Egipte was vir die wêreld 'n asemberowende gebeurtenis. **Slegs Engeland se sukses in die omkoop van 'n paar Italiaanse admiraals het die val van Egipte verhoed en daarmee die oorlogstoneel Middellandse See tot 'n tussenspel omskep.**

Na die instorting van Italië was Engeland weer die heerser van die Middellandse See maar die kalmte wat die storm agtervolg het was bedrieglik.

In die jaar 1946 maak Rusland 'n voorsprong en eis 'n herhaling van die ooreenkoms van Montreux. Die Russiese doel is om die Turkse slagboom aan die Dardanelle op te hef en daardeur Rusland die moontlikheid te gee om die Swart See-toegang in die Middellandse See te verkry. Maar die eis is deur 'n hardnekkige „Nee" van Turkye verwerp.

### GRIEKSE BURGEROORLOG

Nog in dieselfde jaar het Rusland 'n tweede poging aangewend om tot die Middellandse See deur te dring, nl. deur die burgeroorlog in Griekeland. Maar ook dié slim plan het misluk weens Churchill se propaganda **dat Rusland se heerskappy in die Middellandse See in doodsgevaar verkeer.** Churchill self het dit nodig gevind om na Griekeland te reis en die vooraanstaande mense daar te beïnvloed om te veg vir Engeland se heerskappy. **Dit het Engeland baie geld gekos maar hy het alles met Amerikaanse dollars uit die Marshall-hulp betaal.** En toe die situasie baie ernstig geword het, het Engeland Marskalk Tito van Joego-Slawië gedwing **om kleur te wys.** Tito was al in die oorlogstyd deur Engelse omgekoop. Hy het dan ook geen hulp meer aan die Griekse rebelle verleen nie en die burgeroorlog in Griekeland is deur Engeland gewen.

### RUSSIESE STREWE

**Die neerlaag van die Russiese politiek om die toegang tot die Middellandse See af te dwing, is te groot om deur die Russe vergeet te word. Sedert eeue was dit die Russiese politiek om die sleutel van die Dardanelle te verkry en dit is vandag weens die Russies-kommunistiese strewe na wêreldheerskappy in nog 'n hoër mate die hoofdoel geword.**

So het Rusland dan die Valona-posisie as 'n tweede Gibraltar van die Adriatiese See uitgebou. Ook die satellietestaat Bulgarye neem 'n belangrike plek in Rusland se planne vir die verowering van die sleutelpunte vir die toegang tot die Middellandse See in.

Bulgarye vorm die **belangrikste afspringplek** teen die Joego-Slawiërs **en die Middellandse See.** Van hier gaan landpaaie na Istanbul, die Turkse sleutelpunt van die Swart See, na die Middellandse See. Van Bulgaarse vliegbasisse kan Istanbul in 15 minute bereik word. Van Bulgarye uit mik die Russiese stootlinie oor die smal noord-Griekse kusstreek onmiddellik na die Egeïese See met die hawe Kavallo. Van Bulgarye word beplan om 'n landsverbinding met Albanië te herstel.

### GEVARE

As die Russe slaag met hul plan na die Middellandse See dan is nie alleen **die suidelike flank van Europa in gevaar nie, maar ook die rug,** deur 'n landing van Russiese troepe in Spanje.

**In so 'n geval het Rusland dan ook die beslissende verkeerstrate en veral die oliestrategiese posisie van die Nabye Ooste. Die Russe in die Middellandse See, in die Arabiese statewêreld in Irak, in Persië, beteken niks anders nie as die verlies van Europa — en Afrika.**

**Die wêreld en veral die nasionale regerings en volke moet let op die verraaiersrol wat die Engelse „pink" rooies speel. Engeland se leër sluit nie aan by die Europese leër onder Eisenhower nie. Engeland het ook nie sy Middellandse Seevloot aan die Amerikaanse admiraal Carney, opperbevelhebber van die Middellandse See-gebied onderwerp nie. Engeland belemmer nie alleen die Atlantiese Verbond nie, maar probeer alle samewerking deur nuwe eise en voorstelle te verbreek.**

Na die invoeging van Griekeland en Turkye in die Atlantiese Verbond, na die spesiale oplossing van die Spaanse vraagstuk, lyk dit asof die Amerikaners nie meer na Engeland luister nie en dit is die enigste gerusstelling wat die betrokke lande het.

## Britte Onthuts

Die Britte is lelik onthuts oor 'n nuwe boek wat sy verskyning oral in Brittanje se boekwinkels maak. Die boek — The Revolt— is geskryf deur een van die leiers van die Joodse bende, Irgum Swai Leumi, met name Menechun. Dit is 'n verheerliking van die Joodse terroriste wat Britse soldate in Palestina opgehang het en pakke slae gegee het en die King David Hotel opgeblaas het.

# AANSPORINGSLONE IN NYWERHEID

**Die Minister van Arbeid, mnr. B. J. Schoeman, het in Johannesburg aangekondig dat hy in die toekoms geen nywerheidsooreenkoms meer sal publiseer wat 'n verbod op die invoering van aansporingslone bevat nie.**

Hy het daaraan toegevoeg dat as daar gevind word dat enige vakbond of werknemersorganisasie in 'n bepaalde nywerheid sonder genoegsame rede gekant is teen die invoering van 'n billike en redelike aansporingskema, hy sal aandring op die verwydering van die geslote geledere-beginsel indien dit ingesluit is in 'n ooreenkoms wat vir publikasie aan hom voorgelê word.

### PRODUKSIE

Die minister het gesê dat dit nie met erns betwis kan word dat die produksie per persoon van die Unie se arbeidsmag baie laag is nie. In der waarheid word dit beskryf as van die laagste in die wêreld.

Hy plaas nie vir 'n oomblik die blaam vir hierdie betreurenswaardige toedrag van sake op die werkers alleen nie.

Die minister het verklaar dat toe hy sy eerste oproep om die invoering van aansporingsbonusskemas in die nywerheid gedoen het teen die einde van 1948, was daar aansienlike teenkanting van die kant van die vakbondbeweging. Werkgewers het die voorstel egter verwelkom.

### SWEET-ARBEID

Sedert 1948 het hy versekerings aan die vakbonde gegee dat hy alles in sy vermoë sal doen om te verseker dat daar geen uitbuiting sal wees nie.

Hy het nadruk daarop gelê dat daar nie van enige werker verwag word om meer as 'n dag se billike werk vir 'n dag se billike loon te doen nie.

Hy is die laaste persoon wat 'n stelsel van sweet-arbeid sal propageer.

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.



Waar u ook mag wees

**Kommando**

—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret




G1-3066 AF

# Die Republiek Is Die Witman Se Behoud

**Verrassende en onverwagte bevestiging van die republikeinse standpunt van die Afrikaners het verlede week uit Natal gekom. Mnr. Douglas Mitchell, L.V., en leier van die Verenigde Party in Natal is ten enemale gekant teen verbintenis met Brittanje omdat Brittanje se kleurbeleid „onaanneemlik en onrealisties" is. Dat hierdie bekentenis gedoen is deur die leier van Natal se Engelssprekende gemeenskap, wat bekend is vir hulle lojaliteit aan die „moederland" is ongetwyfeld betekenisvol en boonop verblydend.**

Dit wil voorkom asof mnr. Mitchell, na verdere oorweging, bietjie geskrik het vir sy eie woorde. Daar is eerstens berig dat hy gesê het:

„As Natal van die Unie afskei, sal die mense vind dat onafhanklikheid onmoontlik sal word. Hulle sal onder die juk van die Britse regering kom wie se Asiatiese en naturellebeleid heeltemal onrealisties en onaanneemlik vir Natal is. Dit sal ons vryhede soos ons hulle ken, vernietig en Natal terselfdertyd met groot geldelike laste opsaal."

### VERBETERDE BERIG

Nadat hierdie berig verskyn het, het mnr. Mitchell gesê dat dit nie 'n juiste weergawe van sy woorde is nie. Derhalwe is daar 'n verbeterde berig verstrek. Dit blyk dat mnr. Mitchell geantwoord het op 'n vraag of Natal ekonomies onafhanklik kan staan as hy van die Unie afskei. Daarop het hy geantwoord dat geweldige ontberings op Natal geplaas sal word — „ontberings wat sekere voorstanders van afskeiding nog nooit gewillig was om te aanvaar nie."

Voortgaande het mnr. Mitchell verklaar:

„In elk geval, Natal kan nie op sy eie as 'n politieke entiteit staan nie en sal hom met 'n ander nasie moet verbind. As dit Brittanje moet wees, sal hy Brittanje se naturellebeleid aan die Goudkus en sy Asiatiese beleid in Kenia, Tanganjika en ander lande in aanmerking moet neem.

„Hierdie beleide is heeltemal onaanneemlik en onrealisties indien hulle op Natal, in die lig van die huidige opvatting van menings toegepas moet word."

### WATTER RESEP

Die verbeterde berig omraam slegs die eerste berig — dit weerspreek dit nie.

Meer as honderd jaar gelede het Afrikaners — die Voortrekkers — die Kaapkolonie, wat destyds 'n Britse kroonkolonie was, verlaat omdat hulle dit onmoontlik gevind het om hulle met die Britse naturellebeleid te vereenselwig. Hulle het later beslag gegee aan die inheemse Afrikaanse beskouinge in die vrye Boererepublieke benoorde die Oranjerivier.

**Meer as honderd jaar lank woed reeds die stryd in Suid-Afrika oor die fundamentele vraagstuk: Volgens watter resep moet Suid-Afrika opgebou word — die Brits-imperialistiese of die Afrikaans-republikeinse-resep?**

### DRIE STELLINGS

**En nou het 'n Engelssprekende leier van „lojale" Natal die Brits-imperialistiese-resep verwerp.** Daar is drie stellings wat in verband met hierdie betekenis, in belang van ons land en ons volk, neergelê moet word:

**(1) Die republikeinse Afrikaners verwelkom mnr. Mitchell se woorde van ganser harte.**

**(2) Britse imperialisme mag die belange van Britte in Brittanje dien, maar dit dien nie die lewensbelange van Engelssprekendes in Suid-Afrika nie.**

**(3) Afrikaanse republikanisme is nie vyandiggesind teenoor Engelssprekende Afrikaners nie. Inteendeel dit is die enigste behoud van die witman — of hy Afrikaans of Engels praat.**

## Volkstemming Misluk

**In Australië is onlangs 'n volkstemming gehou oor die vraag of die regering die Kommunistiese Party deur wetgewing in die ban mag doen. Die kiesers moes ja of nee antwoord. 'n Klein meerderheid van minder as honderdduisend kiesers uit 'n totaal van vyf miljoen het nee gesê.**

Die volkstemming is op partypolitieke lyne gevoer. Die regeringsparty onder leiding van die eerste minister, mnr. Robert Menzies, wou die Kommunistiese Party onwettig verklaar, terwyl die opposisieparty onder leiding van dr. Evatt daarteen gekant was omdat sodanige wetgewing dan kastig die Australiërs van hul vryheid sou vervreem.

Na die uitslag het mnr. Menzies verklaar dat hy sal voortgaan om die kommuniste te beveg ten spyte van die feit dat die kiesers sy een vuis agter sy rug vasgebind het. Die opposisieleier is in sy noppies omdat hy 'n persoonlike oorwinning behaal het. Hy is ook teen die kommunisme.

# AFRIKA-EENHEID TEEN BRITTANJE

**„Ten spyte van teleurstellende tekens op die oomblik, glo ek dat ons nie die Smuts-ideaal moet laat vaar van 'n Groter Suid-Afrika, wat die Unie, die Protektorate en Suid-Rhodesië sal insluit nie," skryf mnr. Harry Lawrence, vooraanstaande leier van die Verenigde Party, in die Cape Argus.**

Voorts verklaar hy: „Dit is 'n ideaal wat slegs die Verenigde Party aan die inwoners van Suid-Afrika kan bied. Want 'n sterk Verenigde Party-regering, wat die grondwet verskans het, al heelwaarskynlik in staat wees om Suid-Rhodesië te oorreed om suidwaarts te kyk, terwille van gemeenskaplike belange en nie noordwaarts nie.

„Dit is 'n doel wat die moeite werd is om na te streef. Die verwesenliking daarvan sal bydra om blanke leierskap te versterk in Suidelike Afrika, om ons veiligheid te vergroot in 'n gevaarlike wêreld, en dit sal nuwe hoop verwek by die nieblanke groepe in die Unie."

### MOET REPUBLIEK WEES

Ons wil mnr. Lawrence in een opsig gelyk gee: Die Verenigde State van Suidelike Afrika is ongetwyfeld 'n ideaal wat die moeite werd is om na te treef. Maar moet die verenigde staat 'n susterkoninkryk in die Britse Statebond wees of moet hy 'n vrye republiek wees? **Ons wil aanvoer dat die antwoord op hierdie vraag vooraf sal beslis oor die totstandkoming of te nie van sodanige verenigde state van Suidelike Afrika.**

**Die verenigde staat sal slegs tot stand kom indien hy 'n republiek sal wees — wat 'n beleid ten aansien van wit en swart in Afrika gaan volg wat teenoorgesteld is aan die gelykheidsbeleid wat die Britse regering uit Londen voorskryf.**

### KRUGER-IDEAAL

Die dae toe dit moontlik was om die vereniging van die gebiede in suidelike Afrika „onder die kroon" te bewerkstellig is onherroeplik verby. Die verenigde state van Suidelike Afrika sal nooit 'n Britse kroonkolonie of 'n Britse susterkoninkryk wees nie. **Die vereniging sal tot stand kom TEEN Brittanje — om die witmense in Suidelike Afrika in staat te stel om hulle heerskappy en hulle beskawing te behou.**

**Dit is die Kruger-ideaal — en nie die Smuts-ideaal nie — van 'n groter Suid-Afrika wat op verwesenliking wag.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# BITTEREINDER IN PRETORIA OORLEDE

**'n Geliefde en getroue O.B.-kameraad, oom Carl Theodor Wilhelm Schulz, het ons skielik verlaat op Maandagnag 13 Augustus in die ouderdom van 61 jaar. Hy laat 'n weduwee en vier kinders na, skryf mnr. Herman Luitingh van Pretoria namens die stad se O.B.-lede. Oor die oorledene se lewe en strewe verklaar hy:**

Oom Carl was 'n stille krag, almal wat hom geken het, het van hom gehou. As ons aan hom dink sal ons altyd geïnspireer word. Hy leef voort in ons gedagte as 'n pilaar van standvastigheid—in die mensewoud het 'n seder geval.

### REPUBLIKEIN

Wat veral kenmerkend van oom Carl was, was sy onverbiddelike trou aan die Afrikanersaak. Vanaf die stigting was hy volbloed Ossewabrandwag-lid, 'n deur-en-deur republikein en 'n bittereinder tot sy dood. By sy begrafnis in Pretoria, waar baie kamerade en vriende teenwoordig was, het ons hom as laaste eerbewys onder die vierkleur begrawe.

Oom Carl, soos almal hom genoem het, is op 12 Januarie 1890 in Lydenburg gebore. Hy het daar gewoon tot in 1942 toe hy deur die Smuts-bewind gevange geneem en geïnterneer is.

### KOFFIEFONTEIN

As jong man het hy as rekenmeester by die Nasionale Bank gewerk. Tydens die eerste wêreldoorlog het hy sy beroep opgeoffer en sy lot saam met genl. Müller ingegooi. Daarna het hy as bode van die hof in Lydenburg opgetree totdat hy weer in 1942 tydens die tweede wêreldoorlog geïnterneer is in Koffiefontein.

Tydens sy tronkverblyf het oom Carl homself buitengewoon manmoedig in die selle gedra, nieteenstaande sy hoë ouderdom. Selfs wanneer die ander kamerade mismoedig geword het, was dit oom Carl wat die manne moed ingepraat het.



OOM CARL SCHULZ

### LAASTE JARE

Na die internering het hy hom in Pretoria kom vestig en hier sedert 1944 gebly tot sy dood. Vanaf sy internering was sy gesondheid maar altyd swak, en hy het voortdurend aan hartmoeilikheid en hoë bloeddruk gely. Wat so bitter is, is die feit dat alhoewel oom Carl dwarsdeur sy lewe alles feil gehad het, en selfs bereid was om die hoogste offer vir sy volk te bring, het hy in die laaste jare van sy lewe 'n taai stryd om bestaan moes voer.

## Koning Siek

Die koning van Suid-Afrika, Sy Majesteit Koning George VI, lê baie ernstig siek aan sy paleis in Londen. Hy het 'n longoperasie ondergaan. Hoewel sy toestand as swak beskryf word maak hy stadigaan vordering.

# HAATAANBLASERY TEEN AFRIKANERS IN RHODESIË

**Die stigting van die Demokratiese Party van Suid-Rhodesië deur die Genootskap van Afrikaners het die Engelse lelik omgekrap. In Londen het mnr. James Griffiths, Britse minister van koloniale sake, wat die konferensie oor die moontlike federasie tussen Suid- en Noord-Rhodesië en Njassaland bygewoon het, vertel van die besorgdheid van die mense in die Unie se noordelike buurgebiede oor die toename van die Afrikanerpolitieke propaganda in die betrokke gebiede.**

„Aan die vooraand van die konferensie is die stigting van 'n nuwe party in Suid-Rhodesië aangekondig. Dit is 'n demokratiese party genoem maar dit is bekend dat dit uitsluitend uit Afrikaners bestaan," het Griffiths gesê. Tydens die konferensie het hy uitgevind dat 'n groot aantal mense onthuts is oor die Afrikaner-politieke propaganda wat in hulle gebiede gemaak word.

### TIPIESE BELYDENISSE

Uit briewe wat in die Engelse koerante in Suid-Rhodesië verskyn het, blyk die omgekraptheid waarvan die Britse minister praat baie duidelik. Hier volg 'n paar tipiese belydenisse wat sommige van die briefskrywers kwytgeraak het.

R. G. Denton skryf: „Die aankondiging van die stigting van die nuwe 'Demokratiese' Party moet baie vryheidsliewende Rhodesiërs koud om die hart laat voel . . . Die arglistige vyfde kolonne van die Nasionaliste kan duidelik gesien word . . . Ek stel dus voor dat, as 'n vrye volk wat vasberade is om ons vryheid te behou, en as Britte wat trots is om ons agter Koning en Vaderland te skaar, ons tydelik alle Afrikaanse immigrasie hiernatoe stopsit . . ."

„Rhodesia for the Rhodesians" skryf: „Laat ons ons nie misgis oor die bedoelings van die Demokratiese Party nie. Ek het lank genoeg in Europa gewoon om die Duitse taktiek in Sudeteland te sien."

G. H. Browne meen: „Daar is beslis 'n ondergrondse politieke beweging in Suid-Rhodesië aan die gang met die doel om ons in die politieke kloue van die Unie van Suid-Afrika in te lyf."

### LASTERPROPAGANDA

Na aanleiding van hierdie haataanblasery teen Afrikaners in Rhodesië skryf Die Burger dat hy versteld staan dat mense die slagoffers kan word van die lasterpropaganda dat die Afrikaanse gemeenskap in Rhodesië deur die Unie-regering gebruik word as 'n vyfde kolonne met die oog op eventuele anneksasie van die gebied.

Die blad tik vervolgens mnr. Griffiths op die vingers. Hy skryf:

„Mag ons suggereer dat mnr. Griffiths, in stede dat hy sy deeltjie gedoen het om die histerie te besweer (of dit minstens amptelik geïgnoreer het) self 'n slagoffer daarvan geword het? Hy kan nie onbewus wees van die indruk wat sy verklaring noodwendig moet maak op 'n Britse publiek wat oor hierdie dinge nie so ingelig is soos hy self veronderstel is om te wees nie. Hy kan ook nie onbewus wees van die feit dat sy verklaring, in die vorm waarin hy dit gedoen het, aanstoot aan die Afrikaners in die Unie moet gee en onvriendelik teenoor die Regering van die Unie van Suid-Afrika is nie. Die insident laat 'n swak smaak na en lewer geen bydrae tot die behoud van hartlike betrekkinge tussen Brittanje en die Unie nie."